Graad 11

Die Cape Town Holocaust & Genocide Centre is opgewonde om die 8 eenhede van die Graad 11 KABV (CAPS) aan te bied soos volg:

Idees van ras in die laat 19de en 20ste eeu – Wat was die gevolge toe die pseudo-wetenskaplike idees van ras 'n integrale deel van regeringsbeleid en wetgewing gevorm het in die 19de en 20ste eeu?

Gevalle-studie: **Australië** en die Australiese inboorlinge; **Nazi-Duitsland** en die **Holocaust.**

Eenheid 2

Die Pseudowetenskap oor Ras en Sosiale Darwanisme
In hierdie eenheid sal jy die volgende leer:

- Pseudowetenskaplike teorieë van **Ras**
- Pseudowetenskap van **Sosiale Darwinisme**

PSEUDOWETENSKAP RAS TEORIE

Carolus Linnaeus

(1707-1778)

Sweedse plantkundige en naturalis wat die ''natuurlike orde" ontwerp het wat die basis van die klassifikasie stelsel van alle spesies geword het.

In 1735 gebruik hy die stelsel om mense in vier groepe te verdeel: Americanus, Asiaticu, Africanus en Europeaeus.

Kom ons begin met die vals wetenskaplike teorie van ras; hoe, waar en wanneer het dit begin?

Ons begin met Carolus Linnaeus, 'n 18de eeu se plant-en natuurkundige wie die sogenaamde 'natuurlike stelsel', die basis van klassifikasie van alle spesies geword het, ontwerp het. Hy besef dat katte, tiere en leeus almal aan die katfamilie behoort; dat nartjies, suurlemoene en lemoene almal sitrusvrugte is.

Hy het iets anders ook vasgelê: pseudowetenskap, die verdeling van die menslike ras in 4 groepe of spesies. Hy het geglo dat daar 4 verskillende, besliste rasse bestaan: die inboorlinge van Noord-Amerika (Americanus) met 'n rooi velkleur; die mense van Asië (Asiaticus) wie se velkleur geel is; die mense van Afrika (Africanus) met 'n bruin velkleur en die Europese (Europeaeus) wie 'n pienk of wit vel het.

Dr Samuel Morton (1799-1851): "vader" van wetenskaplike rassisme

In die 19de eeu het Dr Samuel Morton uitgebrei op sommige van hierdie idees, om te bewys dat verskillende rasse se brein verskillende groottes was, en dit in sekere rangorde te plaas.

Om dit te bewys het hy skedels van mense regoor die wêreld geneem en met mosterdsaadjies gevul. Die volume van die saadjies was dan gemeet om te bewys dat sekere skedels meer saadjies as ander bevat. Sy gevolgtrekking: dat die kopbeen van Europieërs die meeste saadjies hou, wat volgens hom beteken dat hulle biologies meerwaardig as al die ander rasse was.

Ras Teorie

Bloed

Suiwerheid van Bloed

Ras Suiwerheid

Waarop was die teorie van ras gebaseer? Op bloed. Vandag weet ons dat alle bloed dieselfde is, maar dat bloedgroepe verskil. Wanneer jy ‘n bloedoortapping nodig het, sal die dokters nie dit kan neem van iemand wat soos jy lyk, of dieselfde ouderdom is, of aan dieselfde kulturele of godsdienstige groep as jy behoort nie. Die enigste ding wat hulle in belangstel is jou bloedgroep.

In die 18de en 19de eeu het mense egter geglo dat die suiwerheid van hulle bloed hulle **‘ras suiwerheid’** bepaal. Met ander woorde, hoe ligter hulle velkleur, **hoe meer suiwer is hulle bloed, hulle ras suiwerheid en anders om.**

Daar was ook beweer dat die waardes van ‘n persoon deur hul bloed bepaal was, en dit was meestal (maar nie altyd nie) gekoppel aan ras suiwerheid. Die vals teorie was uitgebrei deur te beweer dat wanneer ‘n arm man kinders het, hulle ook arm sal wees, want dit is in hulle bloed. Dit was wêreldwyd geglo.

Charles Darwin (1809 – 1882): Britse naturalis, geoloog, bioloog

Plante en diere wat inpas by die omgewing sal heel moontlik meer geskik wees om te kan oorleef.

Die stryd om te oorleef sal gewen word deur **die spesie** wat mees geskik is om voort te plant en aan **te pas (oorlewing van die sterkstes).**



‘n Britse natuurkundige, Charles Darwin, het in die 19de eeu na die Galapogas-eilande gereis om diere te bestudeer. Daar het hy gevind dat sekere diere aanpas sodat hulle kon oorleef en floreer.

Hy het beweer dat die diere wat die beste aangepas het, meer geneig was om te oorleef.

Kyk na die twee skilpaaie in die foto’s.

Die eerste een het ‘n koepelvormige dop en eet gras. Dit is ‘n gewone skilpad, soos jy heel moontlik alreeds in Suid-Afrika gesien het.

Die tweede skilpad se dop is anders, as gevolg van sy aanpassing tot die omgewing.

Die Galapagos-eilande is klein en as alle skilpaaie gras sou eet, sou daar later geen gras wees nie en ‘n gebrek aan kos sou bestaan. Dit sou lei tot die uitwissing van skilpaaie.

Oor die eeue het die skilpaaie aangepas sodat hulle blare van die bome kon eet, sowel as ander plante wat op ‘n hoër ligging gevestig was.

Sosiale Darwinisme

Herbert Spencer (1820- 1903)

- **Britse filosoof en sosioloog**
- **Toegepaste Darwanismiese teorie tot die menslike samelewing**

In die laat 19de eeu het Herbert Spencer, ‘n Britse geleerde, besluit dat hy die biologiese konsep – **oorlewing van die sterkstes** – kan toepas op die menslike gemeenskap.

Dit staan bekend as Sosiale Darwanisme.

Die mensdom is permanent in ‘n proses van ewolusie, waarin die ‘sterkste’ gekies word om te oorheers.

Daar is menigte ongeskikte en armbelewendes wat eenvoudig nie kan meeding nie.

En, soos die swak uitgeroei word in die natuur, so behoort ‘n ingeligte gemeenskap die ongeskiktes uit te wis en hulle toe te laat om uit te sterf, sodat hulle nie die ras sal verswak nie.

Links is die verduideliking van wat Spencer geglo het. Volgens hom is die mensdom gedurig in ewolusie en ons kan almal daarmee saamstem, want dinge bly nie dieselfde nie. Hierdie proses, beweer hy, lei daartoe dat die ‘sterkstes’ gekies word om die ‘swakkelinge’’ te domineer.

Wat bedoel hy met die ‘sterkste’? Hy praat van die individu wat mees bekwaam, mees bevoorreg is en ‘n voorsprong het op ander.

Wat is die verskil? **Hulle bloed.** Die mense wat sukkel se bloed is eenvoudig minderwaardig: hulle moet gedomineer word want hulle is ‘swak’.

Sosiale Darwiniste argumenteer dat soos die swakkeling uitgeroei word in die natuur (die wat nie kan oorleef nie, sterf eenvoudig), so behoort ‘n opgevoede, ontwikkelde gemeenskap ook die onbevoegde uit te wis.

Hulle toelaat om te sterf, sodat hulle nie die ras se afstammelinge kan verswak nie.

Onthou dié terminologie aangesien dit herhaal sal word in Eenheid 3: Eugenika.

Sosiale Darwanisme

Oorlewing van die sterkstes

↓

Reg om te domineer

↓

Swakkeling

Volgens die Sosiale Darwiniste gee die oorlewing van die sterkste die bevoorregte die reg om die minderbevoorregte te domineer.

Dit is ‘n absolute wantoepassing van Darwin se oorspronklike konsep, waar oorlewing verwys na die aanpassing van spesies tot hul omgewing oor ‘n tydperk van honderde jare.

GEVOLGE
van die 'WETENSKAPLIKE' REGVERDIGING VAN BEVOOROORDEELDHEID EN RASSISME

SOSIALE DARWANISME

RAS TEORIE

Rassisme - 'meerderwaar-dige' bloed

'Minderwaar-dige' bloed/gene

Individu rassisme: vooroordeel

Institusionele rassisme: Diskriminasie

Onderdrukking

Regverdige kolonialisme

Kulturele oorheersing

Onderdruk-king

Slawerny

Kinderarbeid

Al hierdie teorieë het verwoestende gevolge gehad vir baie mense. Die teorie van ras en Sosiale Darwinisme het gelei tot institusionele rassisme wat ons vandag nog teen moet veg.

Die voorgenoemde rassisme verwys na rassisme op staatsvlak (soos in die twee gevalle-studies en Apartheid Suid-Afrika).

Mense in beheer beweer dat hulle bloed hulle die reg gee om die onderdrukkende wetgewing toe te pas en te beoefen.

Ras teorieë, Sosiale Darwinisme en Eugenetika (wat gedek word in die volgende module) was gebruik om kolonialisme, kulturele oorheersing, slawerny, onderdruk-king en kinderarbeid te regverdig.

Regerings het hierdie valse wetenskaplike teorieë gebruik om hulle gewelddadige beleide en gruweldade te verduidelik en te regverdig. Die wêreld sukkel nogsteeds om die gevolge van hierdie teorieë reg te stel.

VRAE

1. Wat was Carolus Linnaeus se bydrae tot die hedendaagse wetenskap?
2. Beskryf kortliks Dr. Samuel Morton se eksperiment in jou eie woorde, sê hoekom jy dink dat hierdie eksperiment foutief was.
3. Wat was die basis van die ras teorie?
4. Vergelyk en kontrasteer Charles Darwin en Herbert Spencer se konsepte van 'oorlewing van die sterkstes'.
5. In die laaste skyfie is daar 'n lys van die gevolge van ras teorieë en Sosiale Darwinisme. Gebruik hierdie eenheid, en jou eie kennis om 'n spesifieke voorbeeld te verskaf van 'n regeringsbeleid gebaseer, toegepas en geregverdig as gevolg van hierdie teorieë.

ADDISIONELE HULPBRONNE

Cape Town Holocaust & Genocide Centre: http://ctholocaust.co.za/

Cape Town Holocaust & Genocide Centre YouTube:
https://www.youtube.com/channel/UCwVBUs5VqvsumuwDdzYIAaQ

There's No Scientific Basis for Race—It's a Made-Up Label:
https://www.nationalgeographic.com/magazine/2018/04/race-genetics-science-africa/